DEEL 117 | WEEK 15 | 11 APRIL 2025 | R5

# HEILBRON HERALD



## Sonsak saligheid

*Foto erkenning: Renet van Rooyen*

# Heilbron skuif in 2026 na Metsimaholo Munisipaliteit

Heilbron, tans deel van die Ngwathe Munisipaliteit, gaan amptelik in 2026 oorgeplaas word na die Metsimaholo Munisipaliteit. Hierdie besluit is onlangs deur die Munisipale Afbakeningsraad (MAR) bevestig en vorm deel van 'n groter proses om munisipale grense landswyd te hersien. Die aankondiging is gemaak tydens 'n terugvoersessie in Sasolburg se Burgersentrum, waar mnr Thabiso Plank, van die MAR die nuus aan Metsimaholo se munisipale bestuur, amptenare, gemeenskapslede en ander belanghebbendes oorgedra het. Volgens die voorsitter van die MAR, Thabo Manyoni, was daar uitgebreide konsultasieprosesse met gemeenskappe en ander rolspelers in beide Ngwathe en Metsimaholo. Slegs drie besware is ontvang teen die voorgestelde grenswysiging. Hierdie skuif beteken dat Metsimaholo se jurisdiksie nou vier dorpe sal insluit: Sasolburg, Deneysville, Oranjeville en Heilbron. Die verandering sal óf voor óf ná die plaaslike regeringsverkiesings in 2026 in werking tree, afhangend van die skedule van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK). Volgens Manyoni sal die integrasie van Heilbron in Metsimaholo tyd en deeglike beplanning verg. Die kantoor van die LUR vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (COGTA) sal verantwoordelik wees vir die publikasie van die effektiewe datum, terwyl die betrokke munisipaliteite verwag word om die gemeenskappe deeglik in te lig oor die veranderinge. Die MAR se hersiening van munisipale grense is daarop gemik om dienslewering te verbeter en plaaslike regering meer effektief en verantwoordbaar te maak. Die toevoeging van Heilbron tot Metsimaholo word as 'n belangrike stap beskou in die uitbreiding van ekonomiese en sosiale geleenthede in die streek. Metsimaholo, wat "groot water" in Sesotho beteken, is in 2000 gestig deur die samesmelting van die Sasolburg-, Deneysville- en Oranjeville-oorgangsrade. Met Heilbron nou aan boord, brei die munisipaliteit sy bereik en invloed verder uit, tot voordeel van al sy inwoners. Vir verdere inligting, kontak die Munisipale Afbakeningsraad per epos by info@demarcation.org.za of besoek hul webwerf by www.demarcation.org.za.

BOERE BANDE
Our quality is our pride!
24/7 SERVICES
BALANCING & WHEEL ALIGNMENT
AUTO, TRUCK & TRACTOR TYRES
FIELD SERVICES
FIT & REPAIR
BATTERIES
Heilbron, Langmarkstr. 22
058 853 0550 | After Hours: 082 552 9261
Frankfort, Barett str. 16
079 209 0750
After Hours: 079 180 4337
Villiers, Arbeider str. 1
066 422 1866
After Hours: 066 422 1866

BKB
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre
Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491
Waar sake die keer die eerste keer reg gedoen word!

HIGH FERT KUNSMIS HF
Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
NOVON PROTECTA
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Heilbron-inwoners al vyf dae sonder water - geen TLB beskikbaar om pyp te herstel

'n Gedeelte van Heilbron sit reeds vir vyf agtereenvolgende dae sonder water weens 'n gebarste pyp wat nog nie herstel is nie. Die rede? Daar is glo geen werkende TLB (trekker-laaigraaf) in die dorp beskikbaar nie.

Die gemeenskap is diep ontsteld en woedend oor die voortdurende waterkrisis wat hul daaglikse lewe ontwrig. Volgens die toesighouer van die waterdepartement wag die Area Bestuurder steeds op goedkeuring van Parys om 'n TLB te huur waarmee die herstelwerk aan die gebarste pyp gedoen kan word.

Hierdie voorval is nie 'n alleenstaande insident nie – slegs verlede week was dieselfde areas vir drie dae sonder water weens soortgelyke probleme. Die herhaling van dié situasie wek groot kommer onder inwoners wat voel dat hul basiese reg tot water geskend word.

Die Demokratiese Alliansie (DA) het aangekondig dat hulle 'n formele brief aan die Munisipale Bestuurder gaan rig om te eis dat die situasie dringend aandag geniet. Hulle dring aan op tydelike maatreëls om te verseker dat inwoners van die betrokke gebiede so gou moontlik weer toegang tot water het.

Die gemeenskap hou hul asem op vir 'n vinnige oplossing – maar die vertroue in plaaslike dienslewering bly broos.

## UIT DIE PEN: *Week 15*



"Ons gaan by die see aftree."

"By watter see?" vra sy en haar oë trek skrefies.

"Die ene met water in."

"Maar het julle nog nie 'n huis by die see nie?" Sy kyk my verwonderd aan.

"Nee, want ons is nog nie naby aan aftree nie."

Sy kyk my stadig op en af.

"Maar ek het gedog jy is veel ouer?"

Nadat ek ten volle herstel het van die opmerking wat ek nie mooi weet of dit onskuldig was of 'n belediging nie, vertel ek dat ons planne het om eendag (eendag, luister mooi) by die see te gaan aftree.

"Want ons het darem al 'n huis by die see. Ons gaan so vier keer 'n jaar daar vakansie hou ook."

Dan is ek bly saam met julle.

Die ander dag praat ek en my goeie man oor die aftreehuis. Ons spaar daarvoor. Maar voor dit moet daar eers 'n paar dinge gebeur.

1. Hy moet aftree. Dis nog lank.
2. Ek is jonger as hy en ons sal moet besluit wanneer ek aftree. Dis nog baie lank.
3. Ons moet die huidige huis verkoop kry.
4. Ons moet die seehuis gekoop kry.
5. Ons moet die helfte van die *snert* by die huis mee wegdoen. Ek weet nog nie hoe nie.
6. En dis net die begin.

Met ons gesprek sê hy of ons weet dat ons nie daar gaan vriende hê nie, en dat ons van voor af sal moet vriende maak?

Wel, net dieselfde storie oor en oor.

Toe ons uit die Oos-Vrystaatse dorpie trek Pretoria toe, het ek 9 mense geken. Almal familielede. Nà amper agt jaar is hier nog nie vriende nie. Nee, ek jok. Ek het vriende hier. Hulle kan ek letterlik op my een hand tel.

Maar soos my gryse ou pa altyd gesê het: 'n Ou boom verplant baie moeilik.

Ek beskryf myself as 'n ambivert. Ek het nooit van die term geweet nie, tot onlangs. Tussen sekere mense is ek 'n volslae ekstrovert en tussen ander verkies ek om beige, vanilla en stil te wees. Ek kan dit glad nie verklaar nie. Dit gebeur soms dat ek stil is waar ek vorige keer die ekstrovert was. En andersom.

'n Ambivert is dus 'n introverte ekstrovert. Of 'n ekstroverte introvert. So iets. En hierdie ambivert het regtig hard probeer om vriende te maak. Dit was baie moeilik, maar ek het deurgedruk. Vir jare. Maar ek dink ek probeer te hard.

Ek het gedog dat ek deel was van 'n groepie toe ek hier in Pretoria skoolgehou het. Maar nadat ek daar weg is, was daar net drie mense met wie ek kontak kon hou. Die ander het soos 'n flou verkoue uiteindelik verdwyn.

Toe ek hier begin werk, het ek ook probeer. Een kollega by wie ek aanklank gevind het, het Engeland toe getrek. Ons is steeds in kontak. Dalk nie meer vriende nie, meer kennisse.

Hier is 'n paar kollegas met wie ek al vanaf 2019 saamwerk, en met wie ek gedink het ek 'n pad loop. Deur dik en dun, lag en trane.

Op 'n mooi dag kom ek agter dat ek nie meer op hulle *teelysie* is nie. En ek het gedog ons het 'n vriendskapsband gesmee. Toe nie.

Verlede week wals iemand hier in.

"Onthou van ons afspraak," sê hy. Glimlaggend.

"Mmm, watter afspraak?" Onseker.

"O, nee, het ek jou nie genooi nie?" Verstom.

"Nee, jy het nie." Eerlikwaar.

"Het ek jou regtig nie genooi nie?"

"Nee, jy het nie." Komaan, glo jy my nie?

"Maar jy is welkom om saam te kom."

"Nee, ek gaan nie." Beslis.

"Maar hoekom nie?"

"Want ek was nie oorsponklik saam met al die ander genooi nie."

"Maar ek nooi jou nou." Moedeloos.

"Nee, dit is te laat." Net so moedeloos.

Ek wou deel gewees het van die eerste keuse, soos die ander. Ek het toe regtig nie saamgegaan nie. Ek het vir my ma in die ouetehuis gaan kuier.

Ek het baie daaroor gedink. Aanvanklik het ek gevoel asof iemand my in die gesig gevat het. Eerder geklap het, want ek het gedink dat ek en my vriendskap van waarde is. Later het ek berus: ek het nie goeie vriende by die werk nie, en dit smaak my dat dit so gaan bly. Ek gaan nie meer my *jis* af werk om aan 'n vriendskap te bou waarin ek nie ook belangrik is nie.

Hierdie ambivert gaan haar *tools* neerlê, want dit word harde werk.

Daarom is ek nie bang om weer iewers anders te gaan bly nie. Hier is nie vriende wat my hier gaan hou nie. Ek sien eintlik uit daarna om die wortels eendag hier uit te trek en elke dag begroet te word met die gerusstellende klank van water en die vars geur van die see.

Ek wens vandag dat ons die mense naby aan ons harte, maar ver van ons lywe, naby aan ons harte gaan bly. En ek wens ook nogal dat ander sal sien dat ek hard werk aan vriendskappe, en graag dieselfde wil terug hê.

Ek dink amper nie dat dit te veel gevra is nie.

# Dit is amper tyd vir Rykdom & Reliek

Ons nooi jou hartlik uit na die Riemland Museum, Rykdom en Reliek geleentheid, waar ons span van kundige waardeerders gereed staan om jou te help. Van ervare munt kenners tot spesialiste in meubels, juwele en oudhede – hulle deel hul kennis en help jou om die geskiedenis en waarde van jou gunsteling items te ontdek.

**Datum:** 12 April 2025

**Plek:** Riemland Museum, Langmarkstraat 74, Heilbron

**Tyd:** 08:00 tot 13:00

Of jy 'n versamelaar, of net nuuskierig is, daar is iets vir almal om te geniet! Kom loer in, ontmoet ander liefhebbers van oudhede en geniet 'n dag vol stories en verrassings. Daar sal ook kos, koeldranke, koffie en tee te koop wees vir die wat honger en dors is.

Dankie aan: Betsie Roux, Henk Van Zyl asook De Kleine Bistro vir julle ondersteuning.


*Betsie Roux*


*Henk van Zyl*











WINKELURE

MAANDAE TOT DONDERDAE:
07:30 - 17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE:
08:30 - 13:00

Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:heraldwinkel@heilbron.co.za

Herald Office National



# Vyf sluise oop by die Vaaldam



Die Departement van Water en Sanitasie het bevestig dat vyf van die Vaaldam se sluise oopgestel is na swaar reënval in die opvanggebiede die afgelope week. Hierdie besluit is geneem om toenemende druk op die damstruktuur te verlig en om moontlike oorstromings stroomop en stroomaf te voorkom. Volgens woordvoerders van die departement het die dam Donderdagoggend 3 April reeds die 110%-vlak oorskry. Die sluise is teen 10:00 oopgemaak en water is teen 'n hoë tempo vrygestel, wat indrukwekkende tonele van waterkrag tot gevolg gehad het. Plaaslike inwoners het na die damstortingsmure gestroom om die seldsame gesig te aanskou. "Dis ongelooflik om te sien hoe kragtig die water vloei," het 'n inwoner van Deneysville gesê. Die Vaaldam, Suid-Afrika se vierde grootste dam, speel 'n sleutelrol in die watervoorsiening aan Gauteng en omliggende gebiede. Wanneer die dam se vlakke te hoog word, is dit noodsaaklik om sluise oop te maak om skade aan infrastruktuur te voorkom. Die departement het inwoners langs die Vaalrivier gewaarsku om waaksaam te wees. "Hoewel die situasie onder beheer is, bly die rivier se vloei gevaarlik vinnig. Mense word versoek om nie naby die water te kom nie," lui 'n verklaring. Tot dusver is geen ernstige oorstromings of skade aangemeld nie. Die owerhede hou egter die situasie fyn dop en sal verdere stappe neem indien nodig.



## Onbruikbare polisievoertuie in Vrystaat onaanvaarbaar

*Armand Cloete*
*VF Plus-LPW: Vrystaat*

Soveel as 449 polisievoertuie wat veronderstel is om aangewend te word om die Vrystaat te beveilig, staan in onbruik.

Dié syfer is onthul in 'n antwoord van die Vrystaatse LUR vir gemeenskapsveiligheid, paaie en vervoer, Jabu Mbalula, op 'n vraag van die VF Plus in die wetgewer.

Die voertuie is tans onbruikbaar weens onder meer herstelwerk en inspeksies.

Die syfer is kommerwekkend aangesien die voertuie veral in landelike gebiede aangewend kan word om inwoners se veiligheid te verseker.

Georganiseerde landbou in die provinsie is dit eens dat net meer as 100 voertuie nodig is om die landelike veiligheidstrategie in die Vrystaat effektief te implementeer.

Dié strategie behels onder meer dat elke landelike polisiekantoor oor ten minste een polisievoertuig moet beskik wat aangewend word vir landelike beveiliging.

Volgens die LUR is daar nie by een polisiekantoor in die provinsie 'n voertuig wat vir die uitsluitlike doel van landelike veiligheid toegewys is nie.  Veral veediefstal en veiligheid bedreig die landbousektor. Elke beskikbare hulpbron is nodig om misdaad in landelike gebiede te bekamp.

Daar is tans te veel gevalle in die platteland waar die polisie of te lank neem om by 'n misdaadtoneel uit te kom of nie opdaag nie.

Die VF Plus sal in die betrokke portefeuljekomitee in die wetgewer daarop aandring dat die departement verduidelik waarom soveel voertuie in onbruik staan en hoe die situasie beredder gaan word.

Die party sal ook die minister van polisie, Senzo Mchunu, versoek om die aangeleentheid te ondersoek.

Die Vrystaat kan nie bekostig dat selfs net een polisievoertuig of net een polisiebeampte nie effektief funksioneer nie.

***Navrae: 072 538 9195***

## Begrotingsraamwerk slaag ondanks sterk teenkanting in Parlement




Ten spyte van intense teenkanting van verskeie opposisiepartye, is die 2025-fiskale raamwerk en inkomstevoorstelle Woensdagaand, 3 April, in die Nasionale Vergadering goedgekeur. Altesaam 194 lede van tien partye het ten gunste gestem, terwyl 182 lede van agt partye hul stemme daarteen uitgebring het.



# DA in Ngwathe calls for an investigation into unequal pothole repairs

• *Robert Ferendale -*
*DA Councillor*
*Ngwathe Municipality*
*Jafta Mokoena MPL*

The Democratic Alliance (DA) will be writing to the Ngwathe Municipal Manager to demand an urgent investigation into why Sandersville has been neglected in terms of pothole repairs, while other areas such as Phiritona are frequently attended to—including on weekends, incurring unnecessary overtime costs.

Councillor Robert Ferendale has, for some time now, raised concerns about the condition of potholes in and around Heilbron. Although Raubex, an infrastructure development and construction materials supply group, has carried out some road repairs, these have been limited to Phiritona and Heilbron, leaving Sandersville in a deteriorating state.

The residents of Sandersville continue to endure worsening road conditions that compromise safety, public transport, and access to services.

It is concerning that potholes in Phiritona are being repaired yet again, even on weekends. This raises two questions: What about Sandersville? And who authorised this costly weekend work?

We demand to know whether there is a scheduled, municipality-wide pothole repair programme for Heilbron and, if so, why Sandersville continues to be overlooked. The council has already resolved to forfeit unnecessary overtime, yet repairs are still being undertaken on weekends, indicating a disregard for fiscal responsibility.

We call for an immediate stop to non-emergency pothole repairs on weekends and full disclosure of the individual who approved this overtime expenditure. This wasteful spending must be brought to an end, and the funds reallocated to enable fair and equitable service delivery to all communities, including Sandersville.



# Swak padtoestande wek kommer

Inwoners van Heilbron is bekommerd oor die verslegtende toestand van die dorp se paaie, met spesifieke verwysing na Pierce-straat en die verhoogde gebruik van Kerk- en Ringerstraat. Hierdie strate dien deesdae as alternatiewe roetes nadat die Heilbron-Sasolpad gesluit is, wat groot verkeersdruk op omliggende gebiede plaas.

Benewens die swak padtoestande, is daar groeiende kommer oor verkeersveiligheid, veral by die vierrigting-stop naby die jeugsorgsentrum by Engo. Inwoners sê talle motoriste, veral dié van buite dorpe, ignoreer die stopstraat en ry sonder om spoed te verminder – wat 'n ernstige risiko vir voetgangers en ander padgebruikers inhou.

'n Verdere bron van kommer is die ambulanse van die plaaslike hospitaal, wat dikwels teen hoë spoed deur die dorp beweeg sonder om hul sirenes aan te skakel of by stopstrate stil te hou.

Om sake te vererger, werk die straatligte in die nagte nie, wat die risiko van ongelukke nog verhoog. Gemeenskapslede vra dringend dat die plaaslike munisipaliteit en verkeersowerhede ingryp om hierdie probleme aan te spreek, voordat dit in 'n erenstige situasie ontaard.

WESDAN BOERDERYE (EDMS) BPK
Louise STOET
HBG

VAKANTE BETREKKING
KUDDEBESTUURDER:
SKAAP - EN BEESBOERDERY

VEREISTES:
- Hantering en identifisering van teeldiere en aanwas.
- Toediening van alle doserings en inentings.
- Merk, onthoring, kastreer, tatoeër en brand van alle diere.
- Identifisering en behandeling van alle siektes.
- Volledige rekordhouding van alle diere oor alle aspekte van inentings, siektebehandeling asook lam – en kalfrekords.
- Volledige rekordhouding van teelbulle en ramme – gebruik in verskillende teeltroppe – vroulike diere.
- Weeklikse getalopnames van alle diere op ongereelde tye.
- Volledige weidingsbestuur.
- Voorsiening van lekke en kragvoer soos van toepassing.
- Skeer en hantering van wolskeersel.

KWALIFIKASIES:
- Eerlik en toegewyd ten alle tye.
- Ten minste 5 jaar se ondervinding van bogenoemde boerderye.
- Netheid.
- Meganiese kennis en herstel/onderhoud van windpompe, draadspan, damme, waterkrippe,voerkrippe,hekke,store,trekkers en implemente waar van toepassing – raaksien en regmaak van alles wat foutief is.
- Moet onafhanklik kan funksioneer en organiseer.
- Bereidwilligheid om lang ure te werk – lamtyd en kalftyd verg ekstra ure sowel as Saterdae en Sondae.
- Respek kan verdien by werkskollegas en plaaswerkers.
- Moet volle verantwoordelikheid aanvaar vir die bestuur van arbeid en uitdeel van pligte.
- Kennis van veesiektes.
- Hardwerkend en eienaarskap aanvaar.
- Boerdery word bedryf en bestuur op verskillende eiendomme – bestuur en organisering hiervan.

VOORDELE:
- Word deel van 'n groep met verskillende vertakkings wat uitdagings bied.
- Mededingende salaris met verlofvoordele.
- Termynkontrak.
- Voertuig vir werksdoeleindes word verskaf. (Verantwoordelik vir voertuig se instandhouding)
- Baie goeie laer- en hoërskool in Heilbron met koshuis fasiliteite.

Sluitingsdatum: 17 April 2025
Alle CV's kan gestuur word na hbh@carfone.net

# Hoërskool Heilbron se 1ste rugbyspan blink uit by Namgola-toernooi in Parys

Hoërskool Heilbron se 1ste rugbyspan het onlangs aan die gewilde Namgola-toernooi in Parys deelgeneem en met puik spel en sportmangees beïndruk. Die span het nie net hul teenstanders met kragspel oorrompel nie, maar ook die harte van ondersteuners gewen met hul samehorigheid en passie vir die spel.

In hul eerste wedstryd het die span ’n klinkende oorwinning van 71-0 behaal teen Hoërskool Sasolburg se tweede span. Daarna het hulle hul vermoëns verder bewys met ’n stewige 21-12 oorwinning oor Maragon Mooikloof.

Ongelukkig kon die eindstryd weens slegte weerstoestande nie plaasvind nie, maar dit het nie gekeer dat Hoërskool Heilbron se 1ste span as wenners van die Graceland Energy Cup aangewys is nie.

Die spelers het die toer terdeë geniet en waardevolle ervaring opgedoen, terwyl hul uitstekende vertonings op die veld beslis getuig van die harde werk en toewyding wat agter die skerms plaasvind. Die gemeenskap van Heilbron is trots op hul span se prestasie en sien uit na nog vele suksesse op die rugbyveld.






mielies per boot geoes

’n Artikel wat in die Landbouweekblad van 19 September 1967, geplaas is.

## Siphelele Dhlamini blink uit by SA’s Atletiekkampioenskappe




*Hoërskool Heilbron se hoogspring-ster, Siphelele Dhlamini, het ’n silwermedalje verower tydens die SA Atletiekkampioenskappe in Bloemfontein. Die Bronnies is uiters trots op Siphelele se puik prestasie, asook op die afrigter, juffrou Liza-Mari.*

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **3306/2021**
Surname: **Malindi**
First Names: **Paul Mvelekweni**
Date of Birth: **1969-06-21**
ID Number: **690621 5619 083**
Last Address: **2031/2 New Location, Phiritona, Heilbron, 9650**
Date of Death: **2021-01-01**
Master's Office: **Bloemfontein**
First Names of Surviving Spouse: **Joyce Moipone**
Surname of Surviving Spouse: **Malindi**
Date of birth of Surviving Spouse: **1976-09-24**
ID Number of Surviving Spouse: **760924 0440 082**
Name of Executor or Authorised Agent: **Nicolene Olivier**
Address of Executor or Authorised Agent: **349 STATEWAY, WELKOM, 9459**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**ADVERTISER NAME: MAREE GOUWS ATTORNEYS**
**ADVERTISER ADDRESS: 349 STATEWAY, WELKOM, 9459**
**ADVERTISER E-MAIL: olivier@mareegouws.co.za**
**DATE SUBMITTED: 2025-04-03**
**ADVERTISER TELEPHONE: 057 3532783**
**Publication in the Government Gazette on: 2025-04-11**

FORM JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T 1925/2016 (V/A 407/2024)** passed by **NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY** favour of **JOHANNES THABO MOFOKENG Identity number: 830411 5987 08 1** in respect of certain **ERF 5517 PHIRITONA (EXTENSION 9), DISTRICT HEIBRON PROVINCE FREE STATE. INEXTENT: 455 (FOUR HUNDRED AND FIFTY FIVE) SQUARE METERS.**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objections to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Heilbron this 31 March 2025.
**APPLICANT**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADDRESS 40 CHURCH STREET, HEILBRON 9650**
**E-MAIL ADDRESS: aktes@corven.co.za**
**CONTACT NUMBER: 058 852 2035**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 47/1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of
**Deed of Transfer T25833/2006**
Passed by
**PETRUS JOHANNES JANSE VAN NIEWENHUIZEN**
**Identity Number 560913 5032 08 7**
and
**ESTHER JANSE VAN NIEWENHUIZEN**
**Identity Number 590809 0042 08 5**
Married in community of property to each other
in favour of
**OH331 EIENDOMME (EIENDOMS) BEPERK**
**Nr. 1996/009138/07**
in respect of
ERF 14 TWEELING, DISTRICT FRANKFORT, PROVINCE FREE STATE
In Extent 998 (NINE HUNDRED AND NINETY EIGHT) Square metres
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds: Free State at Bloemfontein within two (2) weeks from the date of the publication of this notice.
Dated at Sasolburg on this 13th day of February 2025.
**NAME OF APPLICANT:**
**CHRISTIAAN MARTHINUS DE BEER (LPCM – 58057)**
**DE BEER & CLAASSEN ATTORNEYS**
**15 NJ VAN DER MERWE CRESCENT SASOLBURG**
**TEL: 016 976 0800**
**T2640I/MAT13649**
**E-MAIL: juliana@dbcgroup.co.za**




Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033







# SMALLS




## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***



DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com


# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans 072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




HERALD Sport

# ‘n Hemelse geleentheid vir jong en oud

Sterrekykers, avonturiers en nuuskierige geesdriftiges moet hul kalenders merk vir die opwindende GrootVegkop Sterrepartytjie wat op 25 en 26 April 2025 plaasvind – reg hier in die hartjie van ‘n Bortle 2-area naby Heilbron.

Alhoewel Sutherland SAAO as ‘n Bortle 1-gebied bekendstaan (die beste moontlike vir sterrekyk), is Vegkop met sy Bortle 2-gradering steeds uitmuntend en een van die beste plekke nader aan Gauteng en omliggende areas om die sterrehemel in al sy glorie te bewonder.

Die geleentheid begin Vrydag, 25 April vanaf 08:00, waar kinders die besonderste kans sal kry om meer te leer oor teleskope, astrologie en die wonderwêreld van die sterre. Daar sal opvoedkundige demonstrasies gehou word om jong koppe te inspireer.

Saterdag, 26 April, is propvol interessante praatjies – van basiese teleskope tot gevorderde astrofotografie, en selfs die verskillende metodes waarmee ons die naghemel kan verken. Hierdie dag is gemik op almal: van beginners tot diegene wat al dieper in die wêreld van astronomie delf.

Een van die hoogtepunte is die teenwoordigheid van die wêreldbekende sterrekundige, Prof. David Block, wat ‘n hoofpraatjie sal lewer. Daar sal ook verskeie stalletjies wees met kos, astrofotografie-toerusting, teleskoopbykomstighede en nog vele meer.

Benewens die sterrekyk, sal daar ook sportaktiwiteite plaasvind soos draf en fietsry vir die wat graag onder die son (en later die sterre) wil beweeg.

**Belangrike reëls:** Na 19:00 sal geen gewone ligte toegelaat word nie – slegs rooi lig mag gebruik word om die donker hemel optimaal te geniet.

Besoekers sal ook die geleentheid hê om deel te wees van ‘n rekordpoging: die meeste teleskope wat op een objek gerig is – ‘n geskiedkundige oomblik vir Heilbron!

Vir meer inligting of om deel te neem, kontak:
**Jacqui:** 082 719 1858
**E-pos:** vegkopsterre@gmail.com
**Webtuiste:** www.vegkopsterre.com

Moet dit nie misloop nie – die heelal wag op jou by Vegkop!

RIEMLAND JAGTERSVERENIGING
OPE PRYSSKIET & SPANSKIET
TE LEEUWPOORT SKIETBAAN, HEILBRON
12 APRIL OM 09:00
INSKRYWINGSFOOI @ R100
KONTANT PRYSE TE WEN
BLESBOK VIR ALGEHELE WENNER
Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter)
082 775 1922

Vir enige advertensies en bydraes vir die Heilbron Herald van 17 April 2025 is die sperdatum Dinsdag, 15 April om 10:00.
REMINDER




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
BELANGRIKSTE veilings
MAANDAG - 14 APRIL 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9046
GILEAD 2-Maandelikse veiling
Kontak Wilbur Meyer 082 349 3189
DINSDAG - 15 APRIL 2025
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
MONT PELAAN Kwartaallikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
ERMELO: HAMMAN NGUNIS PRODUKSIEVEILING
85 Beeste
11:00, Veilingskrale
Kontak Boetjan vd Wath 072 626 9242
WOENSDAG - 16 APRIL 2025
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776
MEMEL DISTRIK: ALS BOVELDER PRODUKSIEVEILING
11:00, Mizpah plaas
Kontak JD Steyn 072 877 6984
STANDERTON: MEEDING EDMS (BPK)
575 Beefmaster bulkalwers
11:00, plaas Hilversum
Kontak Tiaan Heineman 083 381 9322
DONDERDAG - 17 APRIL 2025
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242
www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za